

# 18

## ADAM EN EVA IS VERSKILLEND GEMAAK

### *Leef ons in 'n manswêreld?*

#### **FASELES**

#### **ALGEMENE DOELSTELLINGS**

Die kinders moet weet wat seksisme beteken en dat God aan albei geslagte ewe veel waarde heg.

#### **SPESIFIEKE DOELSTELLINGS**

##### **Kennis**

Die kinders moet weet –

- wat die verskynsel van seksisme is; en
- dat albei geslagte gelyk is.

##### **Gesindheid**

Die kinders moet bereid wees om albei geslagte met dieselfde waardigheid te behandel.

##### **Vaardigheid**

Die kinders moet sensitief wees vir geslagtelike diskriminasie en dit beveg waar dit voorkom.

#### **MEER INLIGTING**

Seksisme is wanneer een geslag (gewoonlik die manlike) die ander geslag (gewoonlik die vroulike) oorheers. Dit beteken dat die een geslag die ander geslag as minderwaardig en ondergeskik beskou en behandel. In die Bybel wil dit voorkom of mans bo vroue gestel word. In die vorige les het ons die teendeel gesien. Daar het ons verneem dat mans en vroue geskape is om mekaar aan te vul (*helpers en gelykes*: Genesis 2: 18). Met die sondeval raak hulle wel ongelyk (Genesis 3: 16b: *...hy sal oor jou heers*), maar deur Jesus word hulle weer mekaar se gelykes (Efesiërs 5: 21: *Wees... aan mekaar onderdanig*).

Na die sondeval en voor Jesus se optrede, met ander woorde in die grootste deel van die Ou Testament, was die samelewingstruktuur 'n *manswêreld*. In dié kultuur was daar baie streng reëls oor die rolle wat vroue in die gemeenskap mag vertolk. Ons noem so 'n kultuur 'n

patriargale kultuur. Daarom lees ons in die Ou Testament meestal slegs van mans wat konings en leiers was.

In die Nuwe Testament (wat grotendeels steeds in die Joodse kultuur gevorm is) sien ons al klaar 'n ander prentjie van die plek van vroue in God se huisgesin. Veral by Jesus hoor en sien ons dat mans en vroue vir God gelyke mense is.

Ons lees oral in die Nuwe Testament dat vroue deel was van Jesus se bediening hier op aarde.

Baie vroue was sleutelpersone in Jesus se lewe. Die boodskap oor Jesus se opstanding is deur vroue ontvang en verder uitgedra. Later in die vroeë kerk het vroue baie belangrike plekke in die groei van die kerk gehad.

Met hierdie agtergrond kan ons die Bybel beter verstaan. Ons is seker dat God nie een geslag bo 'n ander verhef nie. Hy roep mans en vroue om deel van sy liggaam op aarde te wees. Mans en vroue is saam dissipels in die wêreld. Ons Kerk was om hierdie redes ook die eerste Afrikaanse susterskerk wat besef het dat vroue in dieselfde ampte (predikant, ouderlinge en diakens) as mans kan dien.

Daar is geen onderskeid in God se koninkryk nie. Daar is vandag nog baie kerke en groeperings waar vroue nie toegelaat word om in die ampte te dien nie. Hier is die vroue nog aan mans ondergeskik.

God het mans en vroue albei ewe lief.

## **AANBIEDING**

### **Jy het nodig**

- Die Bybel.
- Velle papier waarop die verskillende groepe hulle antwoorde kan neerskryf tydens die Interfase Olimpiade.
- 'n Stophorlosie wat minute kan afmeet.

## **KOM ONS BEGIN**

Begin met Gesang 459: 1 en 2 as 'n gebed.

*Ons Vader, alles in die lewe  
het deur u wil tot stand gekom.  
U Gees het oor die vloed geswewe –  
die aarde is u eiendom.  
U't lig geskep naas duisternis,  
naas nag 'n dag wat helder is.*

*Met see en silwer waterstrome,  
met dal, gebergte en rivier,*

*met stapelwolke, blomme, bome  
het U u handewerk versier:  
U't gras geskep, U is die bron  
van elke ster, die maan, die son.*

## **IETS INTERESSANT**

Behandel die feite by **MEER INLIGTING** met die klem op die volgende:

- Wat seksisme is.
- Die Ou Testament en die Joodse patriargale kultuur.
- Mans en vroue in die Nuwe Testament.
- Jesus se siening van mans en vroue se plek in die kerk.
- As ons die Bybel verantwoordelik lees, is daar geen rede vir onderskeid en ongelykheid tussen geslagte nie.

## **IETS BELANGRIK**

**Beklemtoon die volgende feite weer:**

- Seksisme is wanneer een geslag (gewoonlik die manlike) die ander geslag (gewoonlik die vroulike) oorheers.
- In die Bybel wil dit voorkom of mans bo vroue gestel word.
- In die vorige les het ons die teendeel gesien. Daar het ons verneem dat mans en vroue geskape is om mekaar aan te vul (*helpers en gelykes*: Genesis 2: 18). Met die sondeval raak hulle wel ongelyk (Genesis 3: 16b: *...hy sal oor jou heers*), maar deur Jesus word hulle weer mekaar se gelykes (Efesiërs 5: 21: *Wees... aan mekaar onderdanig*).
- In die kultuur van die ou Jode was daar baie streng reëls oor die rolle wat vroue in die gemeenskap mag vertolk. Ons noem so 'n kultuur 'n patriargale kultuur.
- Veral by Jesus hoor en sien ons dat mans en vroue vir God gelyke mense is.
- Later in die vroeë kerk het vroue baie belangrike plekke in die groei van die kerk gehad.
- Ons Kerk was om hierdie redes ook die eerste Afrikaanse susterskerk wat besef het dat vroue in dieselfde ampte (predikant, ouderlinge en diakens) as mans kan dien.
- Daar is geen onderskeid in God se koninkryk nie.
- God het mans en vroue albei ewe lief.

## **IETS OM TE DOEN**

- Laat die verskillende graadgroepe opdeel in graad 8, 9 en 10 onderskeidelik. Indien die groepe baie groot is, kan die onderskeie graadgroepe verder opgedeel word in kleiner groepe van ongeveer 10. Gee aan elke groep 'n vel papier om op te skryf.
- Al die groepe ontvang die volgende opdrag:
  - In hierdie aktiwiteit gaan ons ontdek watter onmisbare plek deur vroue in die Bybel ingeneem is.
  - Elke groep moet een Bybel gebruik en die volgende teksgedeeltes lees en die toepaslike vrae in die tabel invul.

<b>Bybelgedeelte(s)</b>	<b>Wie is die vrou waaroor dit in die gedeelte(s) gaan?</b>	<b>Watter noodsaaklike plek of rol het sy hier vertolk?</b>
Ester 2: 15-17 en Ester 7: 1-10 en Ester 9: 20-32	<i>Ester.</i>	<i>Sy is in die posisie van koningin van die Persiese ryk deur die Here gebruik om te keer dat die Joodse volk uitgewis word. Sy was op die regte tyd op die regte plek om die waarheid aan die Persiese koning bekend te maak en haar mede-Israeliete se lewens te red. Sonder haar sou daar geen Israeliete oor gewees het nie.</i>
Lukas 1: 26-38 en Lukas 2: 1-19	<i>Maria.</i>	<i>Maria is deur God gebruik om Jesus in die wêreld te bring. Alhoewel dit 'n groot skande was om swanger te wees sonder dat jy getroud is, het sy die opdrag van die engel ter harte geneem, en sy en Josef het God se groter plan gesien. Sy is betrek by die menswording van die Here.</i>
Handelinge 16: 11-40	<i>Lidia.</i>	<i>Sy was een van die vroue wat deur die Gees van God oortuig is om 'n volgeling van Jesus te word. Na haar voorbeeld het haar hele gesin tot geloof gekom, en sy het Paulus en sy medewerkers gehuisves en versorg waar hulle dit nodig gehad het. Haar huis was 'n vergaderplek vir die gelowiges.</i>

- Laat die groepe aan die groot groep terugvoer gee oor hulle antwoorde by die verskillende teksgedeeltes.
- Gebruik die antwoorde as 'n riglyn vir die bespreking.

### **Interfase Olimpiade 3**

Hierdie is die derde olimpiade en is soortgelyk aan die een by Lesse 6 en 12. Die doel hiervan is 'n leerervaring deur pret met 'n kompetisiekomponent. Hierdie olimpiade bestaan uit 3 verskillende afdelings.

- Gebruik dieselfde groepe wat tydens die aktiwiteit by **IETS OM TE DOEN** gevorm is.
- Deel weer aan elke groep 'n vel papier uit, en maak seker dat elke groep 'n pen het.

#### **Afdeling A – Stomstreke**

- Laat elke groep drie kinders aanwys wat drie verskillende woorde of begrippe, een op 'n slag, aan die groep moet verduidelik in gebaretaal.
- Al die groepe se *stommes* kom kyk na die woord of begrip by die kategeet, en het dan een minuut om die woord of begrip aan die groep te verduidelik. Geen woorde, geluide of spelling van woorde mag gebruik word nie, slegs gebaretaal.
- Die groepe wat binne die een minuut by die regte antwoord kon uitkom, ontvang een punt. Die ander ontvang geen punte nie.
- Die drie woorde of begrippe vir hierdie afdeling is: *skepping, boodskap, eenheid*.

## Afdeling B – Slegs 'n prentjie

- Laat elke groep drie kinders aanwys wat drie verskillende woorde of begrippe, een op 'n slag, met 'n prentjie op 'n papier teken vir die groep om te identifiseer.
- Al die groepe se *kunstenaars* kom kyk na die woord of begrip by die kategeet, en het dan een minuut om die woord of begrip aan die groep te skets. Geen woorde, geluide of spelling van woorde of getalle mag gebruik word nie, slegs sketse.
- Die groepe wat binne die een minuut by die regte antwoord kon uitkom, ontvang een punt. Die ander ontvang geen punte nie.
- Die drie woorde of begrippe vir hierdie afdeling is: *verskil, gelyk, Jood*.

## Afdeling C – Vasvra

- Die groepe lees nou Efesiërs 5: 21-33 in hulle Bybels deur.
- Die groepe gaan nou deelneem aan 'n vasvra met vyf vrae: Die vrae word aan almal gestel en die antwoorde word na afloop van die vrae gemerk. Een punt word toegeken vir 'n regte antwoord.

Die vyf vrae (en antwoorde) is soos volg:

1. Aan wie moet mans en vroue onderdanig wees? *Mekaar*.
2. Van wie is Christus die Hoof? *Die kerk*.
3. Wat moet mans met hulle vroue doen? *Liefhê*.
4. Waarmee het Christus die kerk gereinig? *Water en die woord*.
5. Voltooi die vers: Inteendeel, hy *voed* en *versorg* dit soos Christus met sy kerk doen omdat dit sy liggaam is, waarvan ons lede is.

Aan die einde van die olimpiade word die punte van Afdelings A, B en C bymekaargetel vir elke groep, en die wenner(s) word bekroon. Moedig die groepe aan om mekaar te probeer klop by die volgende faseles. Daar is vier Interfase Olimpiades gedurende die jaar.

## BY DIE HUIS

### DOEN

Laat die kinders hierdie week kennis maak met die Joodse kultuur en spesifiek navors oor die plek wat vroue in dié kultuur inneem.

- **Navorsing:** Laat hulle hulle ouers vra om te help om navorsing te doen oor die plek van die vrou in die hedendaagse Ortodokse Joodse kultuur deur van die internet of ander bronne gebruik te maak. Gebruik die volgende vrae om jou navorsing te lei:
  - Hoe vind mans en vroue huweliksmaats?
  - Wat is die rol van die Joodse vrou in haar huwelik?
  - Wat is die bepalings vir die kleredrag vir die vroue?
  - Watter plek neem die vroue in die gemeenskap in?
  - Wat is die vroue se rol in die geloofslewe en die tempelgebruike?

## **LEER**

Die memoriseerteks vir hierdie week is Efesiërs 5: 21: *Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig.*

## **AFSLUITING**

Sluit af met 'n gebed, of laat een van die kinders 'n gebed doen soos vooraf met hom of haar gereël.